

19 April

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 6:12-20
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 6:19,20
HK, Vraag 109

'n Spesiale Gas

Daar woon 'n baie spesiale Gas by jou in. Hy is nie net met tye by jou nie. Hy kom lê nie net so af en toe by jou besoek af nie. Hy het permanent kom woning maak in jou.

Hy is die Heilige Gees van God. Dit is God self. Hy is die Heilige wat sonder vlek of rimpel is, die een wat rein is. Hy woon in jou. Jy is sy tempel waarin Hy homself kom tuismaak het.

Dit beteken nie dat jy Hom besit nie. Eintlik besit Hy jou. Jy is daar ter wille van Hom. Die losprys is betaal. Jy behoort aan Hom. Hy is jou Here. Dit geld nie net vir jou siel nie, maar ook jou liggaam. Dit geld nie net vir jou geestelike lewe nie, maar ook jou fisiese lewe.

Die feit het geweldige implikasies vir jou seksuele lewe. Ons moet immers heilig wees soos wat God heilig is. Beoefen seksualiteit binne die Godgegewe grense wat daar gestel is. Daarbinne is dit iets heiligs en reins. Buite die grense is dit onheilig en onrein. Daarom verbied God alle onkuise dade en gebare en woorde en gedagtes en luste.

Wanneer jy 'n spesiale gas by jou het sal jy net doen en sê wat die gas gelukkig maak, veral as die Gas jou Here is. Waarom sal ons dan met ons liggame omgaan asof dit geen invloed het op die Heilige Gees van God wat in ons woon nie?

Ds. HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)

~~~~~